PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette Extraordinary

6830

Thursday, 9 December 2010

Registered at the Post Office as a Newspaper

CONTENTS

Provincial notice

The following draft Bill is hereby published for general information:

Provincial Development Council Act Draft Repeal Bill, 2010

_____

P.N. 477/2010 9 December 2010

Any person or organisation wishing to comment on the draft Bill is requested to lodge the comment in writing before or on **21 January 2011**:

(a) by posting it to:
Mr Clive Stuurman
Department of the Premier
Chief Directorate: Policy & Strategy
PO BOX 659
Cape Town
8000

(b) by e-mail to:
cstuurma@pgwc.gov.za

(c) by faxing it to:
Mr Clive Stuurman
Chief Directorate: Policy & Strategy
Fax: 021 483-3827

Copies of the draft Bill is available on the following website: http://www.capegateway.gov.za For enquires contact Mr Clive Stuurman at (021) 483-5765.

PROVINSIE WES-KAAP

Buitengewone Provinsiale Koerant

6830

Donderdag, 9 Desember 2010

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

INHOUD

Provinsiale kennisgewing

Die volgende Konsepwetsontwerp word hiermee vir algemene inligting gepubliseer:

Wetsontwerp op die Herroeping van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2010

_____

P.K. 477/2010 9 Desember 2010

Enige persoon of organisasie wat kommentaar oor die genoemde Konsepwetsontwerp wens te lewer, word versoek om sodanige kommentaar skriftelik te lewer voor of op **21 Januarie 2011**:

(a) deur dit te pos aan:
Mnr Clive Stuurman
Departement van die Premier
Hoofdirektoraat: Beleid & Strategie
Posbus 659
Kaapstad
8000

(b) deur dit te e-pos aan:
cstuurma@pgwc.gov.za

(c) deur dit te faks aan:
Mnr Clive Stuurman
Hoofdirektoraat: Beleid & Strategie
Faks no: 021 483-3827

Afskrifte van die Konsepwetsontwerp is beskikbaar op die volgende webtuiste: http://www.capegateway.gov.za. Vir navrae kontak Mnr Clive Stuurman by (021) 483-5765.

PROVINCIAL DEVELOPMENT COUNCIL ACT DRAFT REPEAL BILL, 2010

To repeal the Provincial Development Council Act, 1996; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Province of the Western Cape, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

"Provincial Development Council" means the Provincial Development Council established by section 2(1) of the Provincial Development Council Act;

"Provincial Development Council Act" means the Provincial Development Council Act, 1996 (Act 5 of 1996).

Disestablishment of Provincial Development Council

2. The Provincial Development Council is disestablished.

Repeal of Provincial Development Council Act

3. The Provincial Development Council Act and the Provincial Development Council Law Amendment Act, 2004 (Act 4 of 2004), are repealed.

Transitional provisions

4. (1) The Premier may issue directives in so far as may be necessary to give effect to this Act. The concurrence of the Provincial Minister responsible for finance is required for directives that have financial implications.

(2) After the commencement of this section, and despite anything to the contrary contained in the Provincial Development Council Act or any other law, no expenditure may be incurred and no contract may be concluded by or on behalf of the Provincial Development Council without the written consent of the Premier or a person designated by the Premier.

Short title and commencement

5. (1) This Act is called the Provincial Development Council Act Repeal Act, 2010.

(2) Sections 2 and 3 take effect on 1 April 2011.

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE PROVINCIAL DEVELOPMENT COUNCIL ACT DRAFT REPEAL BILL, 2010

1. OBJECT OF BILL

The object of the draft Bill is to repeal the Provincial Development Council Act, 1996 (Act 5 of 1996) (''the Act''), and to provide for the disestablishment of the Provincial Development Council (PDC).

2. BACKGROUND

2.1 The Act established the Provincial Development Council (PDC). The object of the PDC is to serve as a platform for social dialogue in the Province in order to generally promote an approach that integrates considerations of sustainable development, participation in the economy and social equity in order to redress the historical legacy of the Province.

2.2 As part of its modernisation process, the Provincial Government of the Western Cape established an interdepartmental work stream, under the leadership of the Deputy Director-General: Governance & Integration, to conduct a governance and mandate framework review of all provincial public entities.

2.3 Based on an assessment of the performance of the institution, an evaluation of its annual performance reports, the annual audit reports of the Auditor-General, the Provincial Cabinet took a decision to disestablish the PDC and pursue alternative forms of social dialogue.

3. BILL CONTENTS

Clause 1

Clause 1 provides for the definitions.

Clause 2

Clause 2 provides for the disestablishment of the PDC.

Clause 3

Clause 3 provides for the repeal of the Act.

Clause 4

Clause 4 provides for transitional provisions.

Clause 5

Clause 5 provides for the short title and commencement.

KONSEPWETSONTWERP OP DIE HERROEPING VAN DIE WET OP DIE PROVINSIALE ONTWIKKELINGSRAAD, 2010

Om die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996 te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"Provinsiale Ontwikkelingsraad" die Provinsiale Ontwikkelingsraad ingestel by artikel 2(1) van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad;

"Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad" die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996 (Wet 5 of 1996).

Ontbinding van die Provinsiale Ontwikkelingsraad

2. Die Provinsiale Ontwikkelingsraad word ontbind.

Herroeping van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad

3. Die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad en die Wysigingswet op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2004 (Wet 4 of 2004), word herroep.

Oorgangsbepalings

4. (1) Die Premier kan voorskrifte uitreik in soverre dit nodig mag wees om aan hierdie wet uitvoering te gee. Die instemming van die provinsiale Minister belas met finansies is nodig vir voorskrifte met finansiële implikasies.

(2) Na die inwerkingtreding van hierdie artikel, en ondanks andersluidende bepalings van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad of enige ander wet, mag geen uitgawes aangegaan word en mag geen kontrak gesluit word deur of namens die Provinsiale Ontwikkelingsraad sonder skriftelike toestemming van die Premier of 'n persoon aangewys deur die Premier nie.

Kort titel en inwerkingtreding

5. (1) Hierdie Wet heet die Wet op die Herroeping van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2010.

(2) Artikels 2 en 3 tree op 1 April 2011 in werking.

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE KONSEPWETSONTWERP OP DIE HERROEPING VAN DIE WET OP DIE PROVINSIALE ONTWIKKELINGSRAAD, 2010

1. OOGMERK VAN WETSONTWERP

Die oogmerk van die Wetsontwerp is om die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996 (Wet 5 van 1996) (''die Wet''), te herroep en voorsiening te maak vir die ontbinding van die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR).

2. AGTERGROND

2.1 Die Wet het die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR) tot stand gebring. Die POR se doel is om as platform vir maatskaplike dialoog in die Provinsie te dien. Die POR moet 'n benadering wat volhoubare ontwikkeling, deelname aan die ekonomie en maatskaplike billikheid integreer, bevorder. Hiermee word gepoog om die historiese nalatenskap in die Provinsie reg te stel.

2.2 Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap het, as deel van die moderniseringsproses, 'n interdepartementele werkstroom tot stand gebring onder die leiding van die Adjunk-direkteur-generaal: Bestuurspraktyk en Integrering om alle provinsiale openbare entiteite se bestuurspraktyk en mandaatraamwerke te hersien.

2.3 Gebaseer op 'n assessering van die prestasie van die instelling en 'n evaluering van jaarlikse prestasieverslae en jaarlikse ouditverslae van die Ouditeur-generaal het die provinsiale Kabinet besluit om die POR te ontbind en ander vorme van maatskaplike dialoog te ondersoek.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

Klousule 1

Klousule 1 bevat die woordomskrywings.

Klousule 2

Klousule 2 maak voorsiening vir die ontbinding van die POR.

Klousule 3

Klousule 3 maak voorsiening vir die herroeping van die Wet.

Klousule 4

Klousule 4 maak voorsiening vir oorgangsmaatreëls.

Klousule 5

Klousule 5 maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van hierdie wetgewing.

Shumani Print World • www.shumaniprinters.com • (021) 951-6391